NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS
# SONDAG 6 FEBRUARIE 2022

## VYFDE SONDAG NA EPIFANIE

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
### *Radiokansel*

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
**1 Korintiërs 15:1-11; Jesaja 6:1-8, (9-13)**
**Psalm 138; Lukas 5:1-11**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 6 FEBRUARIE** | |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk – Ds Hannes Burger<br>Sinodale Deuroffer ten bate van: Radiokansel<br>Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuterkerk op verhoog |
| 09:00 | Kinderkerk in konsistorie |
| **Geen** | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |
| **MAANDAG, 7 FEBRUARIE** | |
| 19:30 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:30 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 8 FEBRUARIE** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:30 | Kooroefening |
| 19:00 | Eiendomme Kommissie Vergadering |
| **WOENSDAG, 9 FEBRUARIE** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 10 FEBRUARIE** | |
| 09:00 | Kuilsrivier Dienssentrum Moedergemeente Kerksaal: Speletjies en Broodjies<br>Sopbeurte: Rosa Brand, Sorina Greeff, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen,<br>Sarie Terblanche, Ronelda Visser |
| 19:00 | Uitvoerende Kommissie Vergadering |

| VRYDAG, 11 FEBRUARIE | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom |
| **SATERDAG, 12 FEBRUARIE** | |
| | |
| **SONDAG, 13 FEBRUARIE** | |
| | SESDE SONDAG VAN EPIFANIE |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Sinodale Deuroffer ten bate van: Hugenote Kollege<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kleuterkerk op verhoog |
| 09:00 | Kinderkerk in konsistorie |
| **Geen** | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |

# OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Radiokansel (Radio Kaapse Kansel)**

Radiokansel en Radio Kaapse Kansel is 'n onafhanklike, transkerklike en transkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisieprogramme, publikasies, die elektroniese media en uitreikaksies, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou. Radio Kaapse Kansel kan op 729AM op DSTV Audiokanaal 882 geluister word asook op www.radiokansel.co.za, www.kaapsekansel.co.za en www.capepulpit.co.za Laai die toep (CAPEPULPIT) af en luister op jou selfoon.

Mnr Kosie Burger 082 784 5779 | 021 917-7000 | kaap@radiokansel.co.za

Webwerf: https://radiokansel.co.za

# EREDIENSTE

In terme van die vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 1000. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.
Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoef plekke te bespreek vir die bywoning van eredienste nie. Monitering sal steeds by die deure gedoen word.

# GEMEENTENUUS



1. Jan Vermaak (Ralph Singel) is tans in die hospitaal.
2. Baie geluk aan die volgende lidmate met hul verjaarsdae die komende week.
   Bettie Pieterse (Brackenfell) vier haar 80ste verjaarsdag.
   Kitty de Jager (Klaradyn) vier haar 86ste verjaarsdag.
   Johan Loubser (Brackenfell) vier sy 91ste verjaarsdag.
3. Anna van Wyk (Bottelary) herstel tuis na haar groot operasie.
4. Rolf en Jorina Botha (Tarentaal Singel) se ma, Hilda, is oorlede.
5. Xia du Toit, dogter van Guillaume en Ilismi du Toit, het ‘n kompetisie gewen met haar opstel in Afrikaans. Xia is ‘n graad 5 leerder van Mikro en die kleindogter van Gawie en Zelma du Toit.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Tielman Roos (Mooiplaas, Bottelary) het ‘n tydelike pos tydens Parstyd (Februarie) vir ‘n vragmotorbestuurder met ‘n Kode 10 lisensie en ook geldige PDP.
   Kontak hom op 082 578 3330.
2. Lidmate wat sop kook, kan hul sopbeurtkaartjies vir 2022, na afloop van die Erediens by Miemmie Myburgh in die voortportaal kry.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

06/02 Bettie Pieterse, Corrie Fritz, Annette Bester
07/02 Hennie van Zyl, John-Paul Goslett, Alana Jonas, Tiaan van Zyl,
Kitty de Jager, Leandré, Kotze, Frikkie Herholdt, Kara de Wit
08/02 Abé Engelbrecht, Deon Herselman, Hannelie Viljoen, Ruhan Smuts,
Rihan Swart
09/02 Jurgens Liebenberg, MC van Deventer, Christoff van Zyl,
Annelie Nimmo
10/02 Johan Kotzé, Dupré Verster, Helene Booysen, Juvan Botha
11/02 Ruan Eksteen, Susan Langridge
12/02 Rena Conradie, Johan Loubser, Graham O’Leary



# DE EIKE SE KERKKOOR


2022 het vinnig afgeskop en ons sien met dankbare harte dat die Covid-pandemie in ons land aan die afneem is. Dit beteken dat alles dalk na normaal kan terugkeer!
De Eike se kerkkoor wil weer volstoom begin oefen op Dinsdag 8 Februarie om 18:30. Ons oefen elke Dinsdag, so getrou soos klokslag, een uur lank. Ons sal by die protokol van sosiale afstand en maskers hou. Nuwe stemme sal báie welkom wees!
Die hele wêreld besef ná hierdie pandemie wát regtig belangrik is. Om met jou stem die Here te dien en deel te wees van so 'n besondere groep koorlede soos by De Eike, is 'n absolute voorreg.
Ek dink ons almal is regtig verby uitstel, grýp die kans en dóén dit. Kom sing by De Eike!

# DROP & GO

Baie dankie vir almal se gereelde bydraes wat ons ontvang.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie
Cedric en Piet



# DE EIKE SE SOMERKONSERT

De Eike hou piekniek-styl, somerkonsert met ‘n ete in die bos op Avalon.

Tyan Odendal sal ons vermaak met sang en kitaar. Hy sing lekker “old school” liedjies, sowel as moderne liedjies, regtig iets vir almal.

| | |
|---|---|
| Plek: | Avalon braai-area |
| Datum: | Saterdag, 19 Februarie 2022 |
| Tyd: | 17:00 (Hekke open om 16:00) |
| Koste: | R150.00 p/p (sluit in ete en vertoning) |
| Ete: | Pasta-ete |

Bring ekstra kontant vir Hoendervlerkies.
Avalon se wyn sal te koop wees.

Groete
Blokke WSG 2 en 5
Jacques Odendal en Hennie Rootman

# KLEUTERKERK

Ons kan met groot vreugde verkondig, dat daar nou weer **kleuterkerk** aangebied word, in die kleuterlokaal, en wel vir Graad RR en Graad R. Lizelle Wessels, ‘n gestuurde engel uit die Here se hand, gaan dit behartig.

Die kleuters kan reeds ‘n halfuur voor die aanvang van die erediens op die mat kom speel, en om 09:00 hierdie kwartaal word daar vir hulle ‘n boodskap aangebied, en aktiwiteite om die boodskap vas te lê.

Hopelik, oor ‘n jaar of twee, wanneer ons genoeg lokale het, sal ons die kleuters (3- en 4-jariges) ook kan akkommodeer.

# KINDERKERK

**Graad 1’s** wat nog nie geregistreer het nie, is ook welkom om komende Sondag in die konsistorie aan te meld, en die ouers kan na die erediens registreer op die verhoog, waar hulle ook hul kleintjies kan afhaal.

**WAAIERS**
Ons wil vra of daar iemand is wat ekstra waaiers het, wat nie in gebruik is nie, of hulle dit sal skenk vir die twee lokale op die verhoog. Bitter warm daar, met dié dat ons die deure moet toehou.

Vir nou bring die klasleiers waaiers saam, maar dit is nie die ideaal nie.

Groete
Riëtta Odendal.

# NUUS UIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ek gee graag terugvoer rakende afgelope 3 maande se syfers:

| | November 2021 | Desember 2021 | Januarie 2022 |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 189 179 | 178 584 | 174 641 |
| Totale inkomste | 564 219 | 259 963 | 239 623 |
| Totale uitgawes | 399 441 | 303 719 | 305 081 |
| Surplus / (Tekort) | 164 778 | (43 756) | (65 457) |

November se totale inkomste sluit R239 291 Tiendemaanddankoffers in. Ons het ook gedurende Desember 2021 ‘n erflating van R50 000 ontvang. Alles inaggenome, is ons totale inkomste vir die jaar tot einde Januarie 2022 ongeveer 10% bokant begroting, waaroor ons oneindig dankbaar is. Terselfdertyd word ons uitgawes deurgaans versigtig bestuur, wat meegebring het dat ons totale uitgawes byna 10% minder is as waarvoor ons begroot het.

Meer besonderhede sal volg in die volgende uitgawe van Die Akker.

Groete tot volgende maand,
Elmari

# PREEKSKETS



**TEMA - ANTWOORDE OOR DIE OPSTANDING**

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: 1 Korintiërs 15:1-11

Inl. Paulus beantwoord die vrae wat hy per brief van die gemeente gekry het.
- Oor dinge soos die huwelik, vleis wat aan afgode geoffer is, en onderlinge verhoudinge.
- En dan ook oor die opstanding.

1. **Paulus herinner hulle dat dit ‘n basiese leerstuk van die kerk is.**
   - Dis so aan hulle verkondig en hulle het dit so aanvaar.
   - Dis nie ons voorreg om die evangelie aan te pas soos dit ons pas nie.
   - Jesus het ons immers geleer om soos kindertjies te glo en te vertrou.
   - Daar is in elk geval *soveel* goed wat ons nie verstaan nie...

2. **Wat is dan nou die kern van wat ons glo?**
   - Dat Jesus vir ons sondes gesterf het, begrawe is en opgestaan het!
   - Opvallend hoe dikwels minder belangrike sake vir mense deurslaggewend raak!
   - Maar die opstanding self is dikwels in die spervuur!
   - Tog is dit diie beste gedokumenteerde gebeure in die Evangelie!
   - Sonder die opstanding maak die Evangelie geen sin nie.

3. **Maar wat van ons, in 2022?**
   - Hoekom glo ek dat Jesus opgestaan het?
   - Dis ‘n vraag wat my lank gepla het.
   - Die antwoord is dat iets waarvan Paulus hier praat met my ook gebeur het...